

Kerkorde en eenheid



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Efesiërs 5:23-27; Matteus 20:25-28; Titus 1:9; Matteus 16:19; Galasiërs 6:1, 2; Matteus 28:18-20.

Geheeteks:

“Dit moenie so wees by julle nie. As een van julle die belangrikste wil wees, dan moet hy die ander dien. En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet julle dienskneg wees” (Matt. 20:26, Die Bybel vir Almal; 27, OAB).

Sewendedag-Adventiste is Protestante, derhalwe glo ons dat verlossing uitsluitlik deur geloof in Jesus se soendood vir die mens kom. Ons het nie ’n kerkgenootskap of kerkhiërargie nodig om die redding wat Christus vir ons gebring het deelagtig te word nie. Die dinge wat Hy ons skenk, kry ons direk by Hom – by Jesus, ons Plaasvervanger aan die kruis, en ons Hoëpriester en Middelaar in die hemelse heiligdom.

Nietemin is die kerk God se skepping, ter wille van die gelowige; maar nie om daardeur gered te word nie. Deur die kerk gee ons uiting aan ons verlossing, maak ons dit aan die wêreld bekend. Die kerk is ’n organisasie wat Jesus op die been gebring het, ten einde die evangelie alom te verkondig. Kerkorde is belangrik in die opsig dat dit beslag en vlerke aan die kerk se sending gee. Sonder ’n georganiseerde kerkgenootskap sou die oordra van die verlossingsboodskap minder suksesvol gewees het. Kerklui is ook belangrik, aangesien hulle eenheid help koester en ook as rolmodelle vir Jesus optree.

Vandeesweek kyk ons hoekom kerkorde so onontbeerlik vir sending is en ook hoe dit eenheid in die hand werk.

**Studeer vandeesweek se les vir Sabbat die 23ste Desember.*

Christus, die Hoof van die Kerk

Soos ons reeds in 'n vorige les gesien het, word die kerk as 'n liggaam in die Nuwe Testament uitgebeeld. Dit is die liggaam van Christus. Daardie beeld dui op verskillende aspekte van die kerk. Dit toon gelowiges se posisie met betrekking tot Christus. Sonder Christus is daar geen voortbestaan van die kerk as die liggaam van Christus nie. Jesus is die hoof (Kol. 1:18, Efe. 1:22) and ook die lewe van die kerk. Sonder Hom is daar geen kerk nie. Boonop is Jesus die een wat die kerk sy beslag gee – omdat Hy die Bron, Grondslag en Outeur van kerklike geloof en leerstelling is. Tog beteken die kerk soveel meer as net dit, hoewel geloofsleer tot 'n mate identiteitsgewend is. Die woord en wese van Jesus – soos dit in die Bybel geopenbaar word – sê vir ons wat die kerk is. Die kerk het dus sy identiteit en betekenis in en deur Christus.

In Efesiërs 5:23-27 gebruik Paulus die verhouding tussen Christus en sy kerk om te wys hoe die verhouding tussen man en vrou moet wees. Wat is die hoofaspekte van daardie verhouding tussen Christus en sy kerk?

Die meeste mense is huiwerig om van onderwerping en onderdanigheid te praat, aangesien vanmelewe se kerklui daardie begrippe honderde jare lank misbruik het. Tog, moet die kerk steeds onderdanig aan Christus bly. Hy is die Hoof, die gesag aan wie ons ons moet onderwerp. Deur Jesus as hoof van die kerk te erken, hou ons Hom voor oë. Ons sê daarmee: Aan Jesus Christus, en niemand anders nie, moet ons lojaal bly. Hoewel die kerk organisering en orde vereis, moet dit altyd aan die gesag van Jesus onderworpe wees. Hy is die ware Leier van die kerk. “Jesus Christus is die fondasie van die kerk, en ook die hoof. Daarom moet ons tesame aan Jesus gehoorsaam wees. Die kerk moet hom nie beroep op, of beheer word deur, die mens nie. Talle maak die aanname dat kerkleiers aan ander mag sê wat om te doen en te glo, aangesien kerkleiers 'n Godgegewe vertrouensposisie beklee. Dit is 'n sienswyse wat nie God se goedkeuring wegdra nie. Jesus het immers gesê: ‘Julle is almal broers [en susters]’ [Matt. 23:8, NAB]. Versoeking en verkeerde sienings is iets waarvoor elke gelowige vatbaar is. Ons kan dus nie op die feilbare mens staatmaak om ons te rig nie. Ons [enigste] geloofsanker is die lewende Christus en sy teenwoordigheid in die kerk. Op daardie anker kan die swakste [gelowige] peil trek. Dié wat meen dat hulle nou die sterkste is, sal op die ou einde as die swakste bewys word – tensy hulle Christus as hul anker vind” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 414).

Dit is tog so maklik om ons op die mens te beroep. Tog is ons feilbare wesens. Hoe kan ons leer om eerder op Christus staat te maak?

Dienende leierskap

Tot Jesus se groot misnoë kry Hy tydens sy aardse sending keer op keer met die dissipels se onderlinge magswedywering te doen. Klaarblyklik was hulle gretig om die voorste posisies in Jesus se koninkryk te beklee (Mrk. 9:33, 34; Luk. 9:46). 'n Mens merk dit selfs tydens die Laaste Avondmaal. Hoewel die dissipels saam aansit, is die magsug en meerderwaardigheidsgees onder hulle byna tasbaar (Luk. 22:24).

By 'n ander geleentheid het hulle weer hieroor stry gekry. Dit is toe dat Jesus sy sienswyse oor geestelike leierskap met hulle deel. Watter beginsels oor Christelike leierskap kan ons uit Jesus se vermaning in Matteus 20:25-28 put? Hoe kan ons daardie beginsels in ons afsonderlike lewens asook in ons gemeentes uitleef?

“In hierdie kort en bondige skrifgedeelte bring Jesus twee benaderings tot gesag aan die lig. Eerstens, die Romeinse model, waarvolgens die elite in 'n vertikale sin koning kraai. Met ander woorde, hulle het die mag om besluite te neem en verag onderwerping van diegene onder hulle. Hierdie benadering het Jesus duidelik verwerp, want Hy sê: ‘Maar by julle moet dit nie so wees nie!’ Hy vervang dit met 'n splinternuwe gesagsmodel. Jesus s'n is soos 'n vars briesie. Dit is 'n verwerping – of liever die omgekeerde – van die hiërgiesse model waaraan die dissipels gewoon was” (Darius Jankiewicz, “Serving Like Jesus: Authority in God’s Church,” *Adventist Review*, 13 Maart 2014, bl. 18). Vir sy benadering tot die begrip gesag, soos dit hier gebruik word, span Jesus twee sleutelwoorde in: dienskneg (*diakonos*) en slaaf (*doulos*). In die Ou Vertaling en Nuwe Vertaling word *diakonos* as “dienaar” vertaal. *Doulos* word onderskeidelik as “dienskneg” (OAB) en “slaaf” vertaal (NAB). *Doulos* verloor dus sy trefkrag in Ou Vertaling en dra nie Jesus se bedoeling mooi oor nie. Tog kom dit nie op 'n skrapping van alle gesagstrukture neer nie. Jesus sê bloot dat kerkleiers hul roeping in verbondenheid aan die kinders van die Here moet uitleef. Die ampte wat hulle volstaan, is nie vir die uitoefening van gesag oor ander mense nie. Kerkleierskap is nie vir dominerende nie, ook nie om aan die ampsdraer aansien en status te gee nie. “Christus bou sy koninkryk op splinternuwe beginsels. Hy roep die gelowige tot diensbaarheid, en nie die uitoefening van gesag nie. Die sterkes moet die swakkes onderskraag. Mag, posisie, talente, onderwys – diegene wat daarvoor beskik, staan onder 'n groter verpligting: Jy móét jou medegelowiges dien” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 550).

Lees Johannes 13:1-20. Watter voorbeeld het Jesus vir sy dissipels gestel wanneer dit by leierskap kom? Watter les probeer Jesus nou nog by ons tuisbring? Hoe kan ons daardie beginsel in ons doen en late weerspieël, hetsy binne of buite die kerk?

Die instandhouding van kerkeenheid

Lees 2 Timoteus 2:15 en Titus 1:9. Let op Paulus se raad aan Timoteus en Titus. Watter pligte word die getroue kerkleier en ouderling opgelê?

Kyk net hoe Paulus op die bewaring van leerstellings en die apostoliese leer klem lê. Dit is van kardinale belang vir eenheid. 'n Mens kan dus sê dat ons leerstellings die bindingselement in Adventisme is. Soos ons reeds gesê het: Die Sewendedag-Adventistekerk bestaan uit mense van uiteenlopende lewensterreine, kulture en agtergronde. Die eenheid wat ons dus in Christus geniet, spruit uit die wyse waarop ons die waarheid wat Christus aan ons geopenbaar het, verstaan. As ons skielik nie tot 'n vergelyk oor die betekenis van die Bybelse leer kan kom nie, sal dit, veral in aanloop tot die slotgebeure, tot chaos en tweespalt lei. “Ek beveel jou voor God en voor Christus Jesus wat die lewendes en die dooies sal oordeel, ek beveel jou met die oog op sy koms en sy koningskap: verkondig die woord; hou daarmee vol, tydig en ontydig; weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee, want daar sal 'n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaarmaak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor. Hulle sal die waarheid nie wil hoor nie en hulle tot verdigsels wend” (2 Tim. 4:1-4, NAB).

Hierdie dinge skryf Paulus in afwagting op die wederkoms van Jesus en die oordeelsdag. Die apostel span al sy Godgegewe gesag in (lees 1 Tim. 1:1) om die erns hiervan by Timoteus tuis te bring. Dit is binne die eindtydkonteks, met immoraliteit en dwaalleer wat hoogty vier, dat Timoteus die Woord van God moet predik. Dit is die bediening waartoe hy geroepe is. In sy roeping as prediker moet Timoteus o.a. oortuig, tereg wys en vermaan. Hierdie werkwoorde herinner aan die raad wat hy ook elders ontvang (2 Tim. 3:16). Duidelik is dit Timoteus se taak om die lig van die bestudeerde Woord te volg, te leer, en ook toe te pas. Wat meer is, hy moet lankmoedigheid en geduld aan die dag lê. Harde woorde en kwetsende bestraffings bring byna nooit die sondaar tot inkeer nie. Deur ag te slaan op Paulus se raad, en deur dit met 'n gees van diensbaarheid en onder leiding van die Heilige Gees tot uitvoer te bring – sal maak dat Timoteus 'n kragtige en verenigde uitwerking op die kerk het.

**Op watter praktiese maniere kan ons ons leiers help om kerkeenheid te bewaar?
Hoe kan 'n mens verseker dat jy altyd 'n verenigende, in plaas van 'n verdelende uitwerking, op jou gemeente het – selfs wanneer geskille ontstaan?**

Die dissiplinerings van lidmate

Een van die hoofelemente van kerkorde is die vraagstuk: Hoe behoort die dissiplinerings van fouterende lidmate benader te word? Die wyse waarop dissiplinerings kerkekenheid bewaar, is vir baie 'n warm patat. Hoe die een by die ander aansluiting vind, is iets wat sommers bitter gou tot misverstande lei. Gesien vanuit 'n Bybelse oogpunt het dissiplinerings basies twee sye: Eerstens, om die kerk se leer suiwer te hou; en tweedens, om die kerk se lewe en praktyke suiwer te hou. Soos ons reeds gesien het, het die Nuwe Testament 'n klinkklare siening oor suiwerheid van die Bybelse leer, te midde van afvalligheid en vals leerstellings – naamlik dat die behoud van daardie suiwerheid onontbeerlik is, veral in die eindtyd. Dit geld ook vir die behoud van die kerkgemeenskap se ordentlikheid; deur te waak teen immoraliteit, oneerlikheid en verval. In dié verband is die Bybel juis “nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, [en] tot onderwysing in die geregtigheid” (2 Tim. 3:16, OAB).

Lees Matteus 16:19 en 18:15-20. Watter beginsels gee Jesus aan die kerk ter bevordering van kerkdissipline en vir die vermaning van diegene wat verkeerd gedoen het?

Die Bybel steun die handhawing van dissipline en wedersydse verantwoordbaarheid in ons geestelike lewens, en in ons vrome handel en wandel. Die heiligheid van die kerk, m.a.w. as 'n instelling apart van wêreldse dinge en invloede, is juis 'n kenmerk van die bruid van Christus. In die Skrif is daar vele voorbeelde van ongemaklike situasies waarin die kerk op 'n besliste wyse teen immorele gedrag moes optree. Morele standaarde móét in die kerk gehandhaaf word.

Let op die volgende skrifgedeeltes. Watter beginsels behoort ons te volg wanneer dissiplinerings in die kerk genoodsaak word? Matt. 7:1-5; Gal. 6:1, 2.

Ons kan nie die Bybelse leer oor dissiplinerings verontagsaam nie. Dit is duidelik belangrik. Daarsonder is ons ontrou aan die Woord van God. Let egter op die feit dat baie van die teregwydings in die Skrif 'n reddende en bevrydende sy het. Insgelyks behoort die dissiplinerings van lidmate so reddend as moontlik te wees. Elkeen van ons moet boonop die volgende in gedagte hou: Ons is almal sondaars en makeer genade. Wanneer die gemeente dus iemand dissiplineer, behoort dit in alle nederigheid te geskied. Die party wat die teregwyding oordra, moet weldeeglik van sy of haar eie sondigheid bewus wees.

Hoe kan ons op 'n reddende en bevrydende wyse teenoor fouterende lidmate optree, in plaas daarvan om strafvuldig te wees?

Orde ter wille van sendingwerk

Soos ons in die kwartaal deurgaans gesien het (en wat die moeite werd is om hier te herhaal), is die kerk om 'n bepaalde rede byeen en tot orde geroep – ter wille sendingwerk. Ons moet uittrek. Die kerk is nie net 'n kuierklub vir enersdenkendes nie. Ons kom nie net bymekaar sodat die een die ander se oortuigings kan bevestig nie (hoewel dit slegs een van die baie en belangrike redes vir ons samekoms is). Nee, ons word byeengeroep om die waarheid, waarvoor ons self ook 'n waardering ontwikkel het, met die mensdom te deel.

In Matteus 28:18-20 gee Jesus sy laaste instruksies aangaande die dissipels se wêreldwye sending. Identifiseer die sleutelwoorde van Jesus se opdrag. Watter praktiese betekenis het dit vir die hedendaagse kerk?

Die groot sending wat Jesus aan sy dissipels gee, bevat vier sleutelwerkwoorde: Gaan, maak dissipels, doop en leer. In die oorspronklike Grieks van hierdie gedeelte is die bevel, “maak dissipels,” die sentrale begrip. Die ander drie wys hoe 'n mens dit doen. Jy maak dissipels wanneer jy as gelowige die wêreld ingaan, die evangelie verkondig, mense doop, en hulle leer om alles te onderhou wat Jesus beveel het. Wanneer die kerk op daardie sending ag slaan, word die koninkryk van die Here al groter. Al hoe meer mense van al die wêreld se nasies sluit hulle by diegene aan wat Jesus as Heer en Heiland aanvaar het. Uit gehoorsaamheid aan Jesus se opdrag laat hulle hulself doop, waarna hulle sy leer begin volg. So word 'n nuwe gesin in Christus op aarde geskep. Daardie nuwe dissipels het self ook die versekering dat Jesus hulle daagliks sal bystaan, omdat hulle op die beurt ook nuwe dissipels gaan maak. Jesus se teenwoordigheid is 'n belofte dat die Vader ook by die werkende kerk teenwoordig is. Die Evangelie volgens Matteus begin met 'n belangrike aankondiging oor die geboorte van Jesus, naamlik dat dit “God met ons” beteken (hfst. 1:23); en sluit af met die belofte dat Jesus tot aan die voleinding van die wêreld met ons sal wees. “Christus sê nie aan sy dissipels dat evangelisasie maklik gaan wees nie... Hy gee hulle wel die versekering: Ek is met julle. As hulle sieleredding met geloof aanpak, sal hulle die beskerming van die Allerhoogste geniet. Jesus voeg by: Julle moet dapper wees en sterk staan, omdat Een wat magtiger as die engele is, jul medewerker sal wees – die Aanvoerder van die hemelse leerskare. Wat meer is, Jesus voorsien al die nodige middele sodat hulle daardie opdrag kan uitvoer. Die sukses van hul sending maak Hy sý verantwoordelikheid. Al wat hulle moet doen, is om ag te slaan op sy bevel. Die dissipels moet hul samewerking aan Hom gee, en dan sal hulle nooit faal nie” (Ellen G. White, *The Acts of the Apostles*, bl. 29).

Jesus belowe dat Hy sy kinders sal bystaan totdat Hy weer kom. Wat beteken dit? Watter uitwerking behoort daardie waarheid op die kerk se sending te hê, daardie sending wat Jesus aan ons toevertrou het?

Vir verdere studie:

Ellen G. White, “*Individual Responsibility and Christian Unity*,” bl. 485-505, in *Testimonies to Ministers and Gospel Workers*; “*Unity in Diversity*,” bl. 483-485, asook “*Church Discipline*,” bl. 498-503, in *Gospel Workers*. Lees ook die inskrywings “*Church*,” bl. 707-710, asook “*Church Organization*,” bl. 712-714, in die *Ellen G. White Encyclopedia*. “Die beginsels betreffende goeie leierskap geld in alle sferes, ook in die kerk. ’n Kerkleier is egter veel meer as ’n leier. Hy [of sy] is ook ’n dienaar. “Om ’n leier en ’n dienaar te wees? Dit klink na ’n teenstrydigheid. Hoe kan ’n mens ander lei en hulle terselfdertyd tot diens wees? Beklee die leier dan nie ’n verhewe posisie nie? Hy [of sy] gee die bevels, en ander moet dit uitvoer, nie waar nie? Hoe speel die leier dan ’n ondergeskikte rol deur ’n dienaar te wees, deur bevels te ontvang en dit uit te voer? “Die antwoord op hierdie teenstrydigheid is, natuurlik, Jesus. Hy is die absolute toonbeeld van die dienende leier. Sy ganse lewe het uit naastediens bestaan. Tog is Hy die grootste leier wat die wêreld ooit geken het” (G. Arthur Keough, *Our Church Today: What It Is and Can Be* [Washington, D.C. & Nashville: Review and Herald, 1980], bl. 106).

Vrae vir bespreking:

1. Bepeins weer die dienende-leier-begrip. Is daar enige voorbeelde van sulke leierskap in die sekulêre wêreld, indien enige?
2. Lees weer Matteus 20:25-28. Wat sê dit vir ons oor die betekenis wat God aan die woordjie groot heg (Matt. 20:26) in teenstelling met dié wat die wêreld daaraan heg?
3. Die behoud van kerkeenheid is een van die leier se take. Dit laat ’n mens wonder: Hoe gemaak wanneer kerkleiers faal, wanneer hul menslike swakhede keer dat hulle die volmaakte voorbeeld is?
4. Hoekom is dit so belangrik om die dissiplinerings van foutterende lidmate op ’n liefdevolle en genadige wyse aan te pak? Hoekom behoort Matteus 7:12 ons dryfveer in daardie oomblikke van teregwysing te wees?

Opsomming: ’n Geordende kerk is van kardinale belang vir ons sending en vir ons eenheid. Christus is die hoof van die kerk, en kerkleiers behoort sy voorbeeld ter leiding van God se kinders te volg. Ons eenheid in Christus word behou deur die getroue onderrigting van God se Woord, en ook deur die nougesette uitleef van daardie Woord.